STELLAR WINERY

ORGANIC WINE CELLAR

NUUS VRYSTELLING

Oktober 2005

Dudley Wilson	-	**Wynmaker**
Sel	-	082 786 6336
e-pos	-	dudley@stellarorganics.com
Leé Griffin	-	**Bemarking**
Tel	-	021 979 1441
Sel	-	082 900 8989
E-pos	-	lee@stellarorganics.com
E-pos	-	info@stellarorganics.com
Webtuiste	-	www.stellarorganics.com

Fairtrade floreer in Namakwaland se wingerde

Die perfekte dubbelformule – billike én omgewingsvriendelike sakepraktyke – floreer by Stellar Winery in Trawal, die eerste organiese wynboerdery in die wêreld wat die internasionaal erkende Fairtrade-akkreditasie ontvang het.

“Stellar se plaaswerkers baat op ‘n tasbare manier by die Fairtrade-akkreditasie en organiese boerderypraktyke,” sê Maria Malan, voorsitter van Stellar se Fairtrade-komitee.

Maatskappye wat kan spog met hierdie akkreditasie word erken vir hul bemagtiging van ekonomies agtergestelde werkers. Willem Roussouw, bedryfsbestuurder, sê: “Die voordele deur Fairtrade vir die werkers sorg vir positiewe terugvoer en het ‘n gunstige invloed op die maatskappy sowel as die breër gemeenskap in die omgewing.”

“ ‘n Heffing word geplaas op produkte wat die Fairtrade-teken dra. Die geld wat deur hierdie heffing geïn word, word gekanaliseer na projekte wat die komitee, verkies deur die werkers self, as prioriteite aangewys het,” sê Malan.

“In 2004 het ons R50 000 ontvang, wat gebruik is om ons huise te omhein. Die uitbetaling het in 2005 gegroei tot R225 000, wat nou gebruik gaan word om aandele in die wynmakery te koop.”

Malan se merkwaardige opgang van huiswerker tot plaasbestuurder illustreer Stellar se verbintenis tot billike arbeidspraktyke en ekonomiese opheffing. Malan is verantwoordelik vir 200 werkers by Suid-Afrika se grootste organiese wynmakery. Sy hou toesig oor hul daaglikse werk, sorg vir hul opleiding en hanteer al die administratiewe werk. Sy is ook die eerste swart vrou wat ‘n kursus in die verbouing van tafeldruiwe voltooi het.

Die plaaswerkers word ook aangemoedig om aandele in die maatskappy te koop. Hulle het toegang tot ‘n mediese welsynskema en hul kinders kan die crèche en bewaarskool op die plaas bywoon. Die kinders wat daarna hoërskool toe gaan, word deur Stellar se skoolbus vervoer.

“Die belangrikste is om die werksomstandighede van die werkers te verbeter en meer geleenthede vir hulle te skep, sowel as gesonde sosiale strukture en verdere opleidingsmoontlikhede,” sê Rossouw. “Dit bied ook aan hulle hoop vir die toekoms en die moontlikheid om onafhanklik en selfversorgend te wees.”

Malan was vroeër vanjaar in Duitsland by Transfair om Stellar se Fairtrade-praktyke te bevorder – haar eerste vliegtuigrit en besoek oorsee. By ‘n wynproe wat gehou is om Suid-Afrika se wyne aan die internasionale mark bekend te stel, het Maria Malan aan Dieter Overath, Transfair se bestuurder, gesê: “Hopelik sal kliënte verlief raak op ons heerlike en trotse wyne en ook daarvan koop. Dan sal meer mense soos ek in Suid-Afrika die geleentheid kry om die loopbaanleer van skropvrou tot sakebestuurder te klim.”

Ongeregtighede in die globale koffie-industrie het gesorg vir ‘n baie nodige debat, wat verbruikers bewus gemaak het daarvan dat hulle moontlik hul café latte geniet teen ‘n hoë prys vir kleinboere en werkers. In Suid-Afrika, ‘n leidende wynproduserende land, begin verbruikers ook wonder oor die werklike prys van die gesogte shiraz in hul glas.

Rossouw sê: “Fairtrade verhoog die bewussyn van hierdie brandpunt by verbruikers. Hulle bied verbruikers die opsie om produkte te koop wat ooreenstem

met hul beginsels. Die Fairtrade-sertifikasie verseker kopers van die etiese oorsprong van die produk."

Stellar Wyne beskik oor die SKAL organiese akkreditasie. Vir meer inligting oor Stellar Wyne en sy Fairtrade- en organiese boerderypraktyke, kontak Shelagh de Rosenwerth by srosenwerth@new.co.za

Die beginsels van Fairtrade-sertifikasie:

Billike lone
Produsente word billike pryse vir hul produkte betaal; werkers ontvang ten minste die minimumloon, en as dit nie genoeg is nie, moet hulle 'n lewensvatbare loon ontvang wat hulle in staat stel om in hul basiese behoeftes te voorsien, insluitend kos, skuiling, opvoeding en gesondheidsorg vir hul gesinne.

Verbruikersopvoeding
Maatskappye voed verbruikers op oor die belangrikheid daarvan om produkte te koop wat regverdig vervaardig is en lewensvatbare lone en gesonde werksomstandighede ondersteun.

Volhoubare omgewing
Fairtrade-organisasies moedig produsente aan om omgewingsvriendelike praktyke te volg wat plaaslike bronne op 'n volhoubare wyse gebruik en bestuur.

Finansiële en tegniese ondersteuning
Fairtrade-organisasies sal waar nodig finansiële hulp aan klein produsente bied wat nie in staat is om finansiering volgens konvensionele metodes te bekom nie – banke is byvoorbeeld dikwels onwillig om geld aan kleinboere of ambagsmense te leen.

Respek vir kulturele identiteit
Fair Trade-maatskappye ondersteun die plaaslike kultuur aktief.

Publieke aanspreeklikheid.

EINDE

Uitgereik namens Stellar Wynkelder deur Errieda du Toit PR.

Kontak	-	Ian du Toit
Tel	-	+27 21 913 2248
Sel	-	082 547 6153
E-pos	-	ian@edtpr.co.za